

27 Maart 2014

Jaargang 7 – Uitgawe 8

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org
Die Hervormer www.hervormer.co.za
e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

VOORBLAD

Kerkplanting

Die NHKA ken die gebruike om nuwe gemeentes af te stig van bestaendes en om nuwe gemeentes te vestig soos onlangs in Midstream. Tydens 'n konferensie van 9 tot 11 Maart 2014 het internasionale en plaaslike sprekers oor *kerkplanting* in die veranderende omstandighede van kerkwees vandag besin.

Soos te verstane, is daar verskillende menings oor wat *kerkplanting* behoort te beteken. Kerkplanting sou die stigting van 'n nuwe kerk kan beteken. Die MRCC is 'n voorbeeld. *Kerkplanting* soos tydens die konferensie gebruik, is 'n direkte vertaling van *church planting*. *Church* verwys óf na die kerk as geheel, óf na 'n bepaalde denominasie, óf na 'n gemeente. Kerkplanting kan beteken die vestiging van 'n nuwe gemeente of bedieningspunte wat direkte of indirekte raakpunte met 'n bestaende gemeente het.

Om die totale spektrum van die driedagkonferensie binne die bestek van hierdie artikel te dek, is nie moontlik nie. Ek fokus dus op enkele gedagtes van een spreker, Alan Hirsch. Hirsch is die outeur van boeke soos *The Forgotten Ways* en *The Permanent Revolution*. Hy staan die gedagte van kerkplanting sterk voor. Sy uitgangspunt is dat die *mDNA* (missionale DNA) van die kerk eers herstel moet word voordat kerkplanting kan realiseer. Streng onderskeid tussen ampsdraers en gewone lidmate is nie belangrik nie. Almal in die kerk as die liggaam van Christus is geroepenes. Vir elkeen het die Gees 'n gawe of gawes vir 'n bepaalde doel gegee. Hierdie gawes (**Apostels**, **Profete**, **Evangeliste** en **Herders** en **Leraars**) vorm volgens Hirsch die *mDNA* van Christus se liggaam.

God se doel met die gawes is om gelowiges toe te rus vir hul diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. Sekere gawes is nie belangriker as ander nie. Almal is nuttig (Ef 4). So kan die gawes van **Apostel**, **Profeet** en **Evangelis** nie agterweë gelaat word terwyl die gawes van **Herder** en **Leraar** (oor)beklemtoon word nie. Groot kommer heers wêreldwyd omdat die hoofstroomkerke vinnig agteruitgaan. Ten spyte van hierdie krisis bly baie gemeentes vassteek by alleen die dienswerk van herders en leraars. Die dienswerk van herders en leraars is hoofsaaklik na binne en op die instandhouding van die gemeente en die breë kerk as instituut gerig. So word die herder en leraar se eie oorlewing dikwels die belangrikste doel.

Al is die gawes van **Herder** en **Leraar** hoe belangrik, is hulle nie die enigste of die belangrikste nie. Die volle *mDNA* is nodig vir die effektiewe funksionering van die liggaam van Christus na binne én na buite. Waar die **Apostel**, **Profeet** en **Evangelis** in *mDNA* ontbreek, skiet 'n gemeente tekort in die verstaan en uitlewe van gelowiges se geroepenheid in die wêreld. Al die gawes is nodig. Waar dit nie gebeur nie, is agteruitgang onvermydelik.

Die gesprek wat reeds in die NHKA begin het oor geloof, oor God se verhouding met gelowiges en oor kerkwees, behoort voort te gaan en moet selfs meer dikwels plaasvind. Waar geloof gelewe word, sal daar spontaan verder gegaan word as net die gesprek oor geloof. 'n Gehoorsame lewe gebou op die evangelie vra gesprek met die Bybel. Ons moet in die lig van die evangelie met mekaar ooreenkom hóé God se gawes aan ons in die praktyk van kerkwees uitgelewe moet word.

Dr Christo van der Merwe, Hoof: HTK

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhka.org te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.



Prop Pierre Britz

Beroep aanvaar

- **Prop PWB (Pierre) Britz** (beroepafwagend) na Delareyville

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na produksie@nhk.co.za. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- **Ds Phillip Horn** het op 18 Maart 'n rugoperasie ondergaan. Ons bid hom algehele herstel toe.
- Op Sondag 23 Maart is in **Gemeente Klerksdorp-Suid** van **ds Jan Wilson** afskeid geneem nadat hy op 5 Februarie vanjaar met siekte-emeritaat gegaan het. Dr André Ungerer het by die geleentheid namens die Kommissie van die AKV 'n groetboodskap oorgedra. Die kerkgebou was redelik vol ten spyte van die langnaweek. Die gemeente het vir ds Jan 'n soort rolstoel-kansel ontwerp en hy het hom goed van sy taak gekwyt en was sy "gewone self" as prediker. Dit gaan andersins goed met hom. Hy bly by sy dogter in Declercqville en sal dus voortaan by ds Francois Evert se gemeente inskakel. Ds Jan woon ook nog elke Woensdag die ring van Klerksdorp se predikantebyeenkoms by Wilmedpark by.
- **Ds Gerrit-Daan van der Merwe** is op 16 Maart deur ds Chris le Roux georden en as herder en leraar van **Gemeente Strand** bevestig. Hy het daarna sy intreepreek gelewer. Sy vader, emerituspredikant ds Gert van der Merwe, en moeder Delana het die geleentheid bygewoon.
- **Ds Pierre Britz** is op Sondag 16 Maart in **Gemeente Delareyville** georden. Ds Barry van Schalkwyk het hom bevestig, waarna Pierre uit Matteus 4 (saligsprekinge) gepreek het.
- **Ds Pierre Jacobs (sr)** is op Sondag 23 Maart in **Gemeente Outeniqua** bevestig. Sy seun, ds Pierre (jr), wat tans vir tien dae hier is van Philadelphia, Amerika, het die bevestiging waargeneem.



Ds Gerrit-Daan van der Merwe word georden en bevestig



Di Pierre Jacobs (sr) en Pierre (jr)

- **UITGEBREIDE LITURGIESE KALENDER.** Die ses Sondae van die Lydenstyd is vanjaar 9, 16, 23 en 30 Maart en 6 en 13 April. Prof Natie van Wyk skryf soos volg oor die **vyfde Sondag van die Lydenstyd (Judika) – 6 April**. "Die naam van die vyfde Sondag van die Lydenstyd word afgelei van die eerste woorde van die Latynse weergawe van Psalm 43: 1: *Laat tog reg aan my geskied, o God*. Soos ons nader kom aan Goeie Vrydag, ontdek diegene wat in Christus se voetspore wil volg dat hulle heeltemal tekort skiet. Ons wil só graag konings in plaas van dienaars wees. Almal van ons, insluitend Jakobus en Johannes (Mark 10: 35-45), moet voor die regterstoel van God verskyn. Ons kan ons slegs op die genade van die Regter beroep. Intussen moet ons voortgaan om in nederigheid diens te lewer. Liedere van skuldbelydenis en navolging word op hierdie Sondag gesing." *Lesers sal opmerk dat ons hierdie inligting altyd 'n week vooruit plaas, om predikante die geleentheid te gee om daarvolgens vir eredienste voor te berei.*



Prof Schalk Botha

- **VAN DER HOFF TEOLOGIESE STUDENTEVERENIGING.** *Bewaar wat aan jou toevertrou is* (1 Tim 6: 20), die leuse wat vir 90 jaar Van der Hoffers saamgebind het, bring ons steeds saam om staaltjies te vertel, om in die verlede te delf met die oog op die toekoms. **Maandag 24 Maart** by **Gemeente Pretoria** was 'n geleentheid vir nostalgie, waar oud-Van der Hoffers hul belewenisse en herinneringe met die huidige lede gedeel het. **Prof Schalk Botha** het vertel watter belangrike rol hierdie samesyn vervul het in elkeen van die studente se vorming ter voorbereiding vir die bediening. Waar teologie geleef is, is 'n samebindende gesindheid by die toekomstige predikante geskep. Slegs deur genade kan hierdie groot verantwoordelikheid ontvang word, kan 'n gesindheid gevorm word om predikante te wees wat met nederigheid aanhou groei en diensbaar bly. Van der Hoff het groot waardering vir elkeen se teenwoordigheid.

- Die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika** nooi alle lidmate in die **noorde van die land** vriendelik uit na 'n bekendstellingsgeleentheid van die *Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling* op **Woensdag 9 April** om 19:00 in die kerkgebou van die AGS Kaleideo gemeente te Fiskaalstraat 32, Glen Marais, Kempton Park. 'n Aand van voorlesing en musiek word beplan (die TUKS Camerata-koor van Pretoria sal onder andere optree). Lede van die Redaksionele Komitees en ander medewerkers aan hierdie vertaling sal ook by die geleentheid teenwoordig wees en die vertaling sal te koop wees (R35 vir die standaard hardebanduitgawe en R99 vir die verwerkteleeruitgawe met goud-op-snee en duimindeks). Die program behoort nie langer as 'n uur te duur nie. Die kleredrag is netjies informeel.



Nuwe Testament en Psalms

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** As gevolg van verswakte sig, sal die ouer persoon se oog-hand-koördinasie ook verswak. Skryf of handwerk soos om 'n knoop aan te werk of 'n soom in te sit, word dus baie moeilik. Staan die bejaardes in jou omgewing by met hierdie takies. Jy mag dalk dink dis 'n kleinigheid, maar jou hulp kan 'n groot verskil in hul lewe maak. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

- Lees in die **HTS** die volgende **interessante artikel** van Gerda de Villiers: *Die pen is magtiger as die swaard: Oor skrifgeletterdheid, skrifgeleerdes en Israel se Tweede Tempeltydperk*. In hierdie bondige artikel slaag Gerda daarin om die leser bekend te stel aan die instelling van skrifgeletterdheid en skrifgeleerdes asook die ontwikkeling van 'n skrywersklas. Sy raak aan die tydperk van die Tweede Tempel – dit is die tyd na ballingskap, toe daar redelik verwarring onder die Israeliete/Judeërs bestaan het oor hul eie identiteit en wie die ware volk van Yahweh was. Sy wys ook daarop dat die term *soos geskryf in die Torah* meestal gebruik is om gesag aan bepaalde geskrewe sowel as ongeskrewe bepalinge te gee. Dit beteken dan dat sekere mense in- en ander uitgeskryf is as deel van die gemeenskap wat aan die Here behoort, en dit maak dus die pen magtiger as die swaard. Gaan na <http://www.hts.org.za/index.php/HTS/article/viewFile/1987/3745>.

- **ADV SE JAAR VIR ARMOEDE.** Baie kinders het nie toegang tot 'n kleuterskool nie. Bemagtig 'n groep werklose vroue in 'n omgewing waar daar nie 'n kleuterskool is nie, of waar die gesinne dit nie kan bekostig nie. Lei hulle op om speelgroepe aan te bied. Die vroue word geleer om 'n twee uur lange program aan te bied om die klein kindertjies te stimuleer. So 'n program kan dieselfde uitkomst bereik as 'n voltydse kleuterskool. Die vroue werk byvoorbeeld net een dag per week en roteer dan. 'n Minimale fooi van byvoorbeeld R5 per bywoning word gevra. Herwinbare materiaal word gebruik om speelgoed mee te vervaardig. Kinders verruil herwinbare goed vir 'n geldjie. Die werklose ouers help met die maak van die speelgoed, en dit verhoog hul menswaardigheid. Kontak ds Martin Jansen van Rensburg van die Werkgroep vir Armoede by mvr2@telkomsa.net indien jy by hierdie belangrike opdrag betrokke wil raak.





- **EVALUERING VAN VOORNEMENDE TEOLOGIESTUDENTE.** Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om Teologie te studeer. Die sluitingsdatum vir inhandiging van volledig voltooië aansoeke is **13 Junie 2014**. Die evaluering geskied by die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Pretoria op **Vrydag 18 Julie 2014**. Aansoekvorms kan aangevra word van die Studentebeampte, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303; of per e-pos van betsie.brits@up.ac.za.
- **Gemeente Verwoerdburg** het bediening in plek wat siekes by **Unitas** besoek. Indien u van iemand weet (veral Hervormde lidmate) wat behoefte aan besoek het, kan u die gemeente se kerkkantoor kontak. Skakel 012 664 2044 tydens kantoorure 08:30-13:00.
- **Preekbeurt in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n **predikant en sy/haar gade** in ruil vir die gratis preek; **een** voorskoolse kind kan gehuisves word. Daar word voorsien vir **twee nagte**; indien u 'n ekstra nag wil oorbly en ekstra mense bring, moet u dit **vooraf** met Jan Bette by 073 790 3357 bespreek; die derde nag en ekstra mense is op u eie koste. Kontak Johanna by 072 116 3353 of [nhkdullstroom@gmail.com](mailto:nhkDullstroom@gmail.com).

Spesiale eredienste en feesnaweke

- Op **Sondag 13 April** om 11:00 word die nuwe kerkgebou van **Gemeente Van der Hoff** in Groblersdal ingewy. Oudlidmate van die gemeente is welkom om die geleentheid by te woon. Rig navrae aan ds Johan du Preez by 072 461 0993.

Allegaartjie

“Tydverdryf” is werklik die grofste wanbenaming in Afrikaans en uit hierdie wanbenaming volg onvermydelik 'n duisternis sinnelose aksies. Probeer eerder om tyd teë te hou in 'n dagboek. Koester tyd; verhewig tyd; leef langer. (Hennie Aucamp, 20 Januarie 1934 – 20 Maart 2014, in *Mits dese wil ek vir jou sê*)

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 4 April, en word hartlik geluk gewens.**
 - o Donderdag 27 Maart: Ds JBMH (Barry) van Schalkwyk (Drie Riviere-Oos)
 - o Vrydag 28 Maart: Di LJ (Lorret) de Leeuw (Hendrina), MD (Mariët) Robbertze (Magaliesmoot) en JJ (Jaco) van Sittert (Randburg)
 - o Saterdag 29 Maart: Dr FJ (Frans) Boshoff (emeritus), di JH (Jan-Harm) Barkhuizen (Weskus) en PH (Petri) van Rooyen (Joachim Prinsloo/Ruskoppies)
 - o Sondag 30 Maart: Ds TF (Thomas) Dreyer (Durban)
 - o Dinsdag 1 April: Ds A (Annalize) Rossouw (Postmasburg)
 - o Woensdag 2 April: Dr AB (Ananda) Geysers-Fouché (UP) en ds L (Leanie) Oberholzer (Pretoria-Oos)
 - o Donderdag 3 April: Ds D (David) Barnard (Magaliesmoot)
 - o Vrydag 4 April: Ds GS (Stephan) Botha (Klerksdorp-Oos Môrester / Klerksdorp-Wilkoppies)

Beplande vergaderings

- o Donderdag 27 Maart: OSR Bestuursvergadering



Prof Elsabé Kloppers

Kursusse en toerusting

- **DIPLOMA IN HIMNOLOGIE EN LITURGIE.** Hierdie Diploma bied 'n uitstekende geleentheid om meer oor die erediens en die kerklied te leer – daarvan kan almal getuig wat die kursus reeds gedoen het. Dit is veral sinvol waar die predikant, orrelis en sangleiers in 'n gemeente dit gesamentlik bywoon. Die volgende kursus begin op **12 April 2014** en vind in **Pretoria** plaas. Dit loop oor twee jaar en daar is drie byeenkomste per jaar. Die koste is R900 per jaar. Kerkrade word versoek om die koste vir hul predikante en orreliste te help dra. Belangstellendes kan prof Elsabé Kloppers kontak by kloppec@unisa.ac.za of elsabekloppers@gmail.com.
- **HTK: Gesprek met die Bybel**
Woensdagaand 16 April om 19:00
Van Selms-leeskamer, Fakulteit Teologie, UP
Tema: *Het die kerk historiese-Jesus-navorsing nodig?*
Alle belangstellendes welkom

Hans Goetzee
Kliniese Sielkundige

Braam Pretoriusstraat 138, Wonderboom, Pretoria
Tel: 082 358 5738 / 012 567 3810
Webblad: www.hansgoetzee.co.za

Spesiale belangstellings
Evaluasie en die dieperliggende psigodinamika van en psigoterapie vir onder andere posttraumatische stres, emosionele probleme wat verband hou met trauma uit die kinderjare soos mishandeling en molestering, angs, paniek en lewenstres, depressie insluitend bipolêre verstourings, gekompliseerde rou, selfbeeld/eiewaarde, woedebeheer, konflikthantering, interpersoonlike en verhoudingsprobleme. Kinder- en tienergedragsprobleme soos skeidingsangs en selfbeseringsgedrag.

Medieseskematariewe geld – geen bybetalings of waglyste nie.
Praktyk oop Maandae tot Saterdagoggende.
Skype-konsultasies kan ook gereël word.

- **PREDIKANTEVERGADERING: Woensdag 10 September**
Tema: *Kom ons vertel...*
Sukkel jy om jou entoesiasme oor die evangelie met passie oor te dra?
Hoor jou gemeente jou nie meer nie?
Voel die Bybel soms te dun wanneer jy soek na 'n preek?
Meer inligting sal mettertyd beskikbaar wees

Beskikbare behuising

- **Behuising vir en versorging van bejaarde persone**
Kontak Hannelie Fourie van Ons Tuis-Monumenttehuise
012 325 1857 x202 / www.otmt.org
- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**
Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad
Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301
of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

Kampe en toere

- **Vrouekamp 2014: 16-18 Mei**
Vir dames van alle gemeentes
By Paradiesos-kampterrein, naby Kameeldrift, ongeveer 30 km buite Pretoria
Tema: *Wat is nuus?*
Temavers: Jesaja 25: 7a (NLV):
Hoe mooi klink die voetstappe op die berge van hulle wat goeie nuus bring...

Sprekers: Di Janine Bevol-Manders en Antionette Janse van Rensburg
Kampgelde R550 per persoon

Navrae aan Jana Peenze by 083 734 5426 / janapeenze@vodamail.co.za
of Stefanie Theron by 082 825 7944 / stef1@absamail.co.za



*Vakansie-akkomodasie
Amanzimtoti-hoofstrand*

Bekostigbare, luukse vakansiewoonstel direk op Amanzimtoti-hoofstrand
Uiters billike buiteseisoentariewe, veilige parking, braaigeriewe
Swembad op perseel, alle DStv-kanale
2 slaapkamers slaap 6 mense
Loopafstand vanaf winkelsentrum
Kontak Corrie by 072 209 8809 / corriestrydom1@hotmail.com
Kantoorure 014 736 5149

- **Konteks-leserstoer na Turkye: Vertrek 5 Oktober**
15 dae op die voetspore van die eerste Christene
Toerleier: Ds Dries Beukes
012 654 3198 / 083 447 7943
Vir meer inligting, kontak Louise Geyser (formele reisagent)
012 361 0579 / 082 560 4279 / louise.geyser@absamail.co.za
Gaan na www.konteks.co.za → Inligting en skakels → Konteks-leserstoer vir volledige inligting en besprekingsvorm
- **Kom toer saam deur Israel**
Toerleier: Ds Fanie Beukes (NHKA Wesmoot)
Datum: 23 November tot 1 Desember
Navrae aan ds Fanie by 073 167 1183 / faniebeukes@yahoo.com

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Hartebeeshoek: Gesinsgeweldfonds**
Na die verskriklike trauma wat Ina Bonnette van Nylstroom in 2012 deurgegaan het, gesels sy graag met mense oor haar reis. Ina is self 'n NHKA-lidmaat. Kom luister hoe sy 'n verhaal van hoop met ons deel.
Sondag 30 Maart om 18:00
R40 ('n gedeelte van die geld word deur Ina gebruik om kinder- en vrouegeweld te bekamp – die res sal gebruik word vir die stigting van Hartebeeshoek se Gesinsgeweldfonds)
NHK Hartebeeshoek, hv Plantain- en Oaklandsstraat, The Orchards, Akasia
Kontak ds Cobus Jansen van Nieuwenhuizen by 082 370 5038
of cobusjvn@silverliningits.com
- **Gemeente Hartebeeshoek: Pretdraf/stap by Fonteine**
Saterdag 12 April (hekke open om 06:00, stap/draf begin stiptelik om 07:00)
5 km en 10 km
Inskrywings: 5 km = R30; 10 km = R40
Te koop: vetkoek-en-maalvleis, pannekoek, koffie, tee, koeldrank
Kontantpryse en kleiner trekkings
Navrae: Elma Williams 082 562 5244 / Brian Williams 082 417 4482
Hierdie is 'n *winterwarmerprojek*: Bring asseblief 'n kombors saam sodat ons 'n persoon wat minderbevoorreg is, kan help



- **Gemeente Naboomspruit: Naboom Fiesta 19 April**
Ons is op soek na die Bosveld se beste storieverteller
As jy 'n mooi storie het om te vertel, kontak die organiseerders
Groot pryse te wen
Kontak Jan Claassen by two.oceans@yahoo.com / 084 400 5137
of Rene van Tonder by fiesta@nhknaboomspruit.co.za
- **Gemeente Witfield: Boog- en geweerjagkompetisie**
Sluitingsdatum 31 Mei, trekking 1 Junie
Kaartjies: R100 donasie, wen wild en verblyf
Kontak Alida Reed 082 228 3552 / Chaan Bezuidenhout 082 853 5895

Basaars en markte

- **Saterdag 24 Mei: Gemeente Groeneweide in Germiston**
4x4-familiedag
Stalletjies teen R100 vir die dag vir enige produk uitgesluit kos en koeldrank
Inskrywing vir 4x4-kompetisie teen R100 – pryse te wen
Kwads / vierwielers teen R50 vir 10 ritte om die baan – vir pret, geen pryse
By die 4x4-baan tussen Elsburg en Elspark in Brugstraat
Kontak Ria Kruger by 082 417 8508

Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie wees nie. Stuur die voorgestelde teks van nie meer as 110 woorde met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Almagtige Here ons God,
rig ons treë op die pad van vrede
en versterk ons harte sodat ons u gebooe gehoorsaam.
Mag die oggendstond lig bring
vir dié wat in duisternis en die skadu van die dood verkeer
sodat hulle U sal vereer vir u genade,
U sal volg vir u waarheid,
U sal opsoek vir u soete heerlijkheid –
U, die geseënde Here God van Israel.
(Antieke gebedsoproep)

Uit: *Prayers through the centuries* – Nancy Martin, Bishopsgate Press, 1999